# REDAKSIONEEL

Veranderende omstandighede in die afgelope aantal jare het dit waarskynlik gemaak dat die aantal studente in Latyn en Grieks aan Suid-Afrikaanse universiteite nog verder sal afneem. Ná lang onsekerheid word daar nou duidelik deur die wet bepaal dat studente in die regte slegs Matrikulasie-Latyn of 'n eenjarige geakkrediteerde kursus in Latyn aan 'n universiteit hoef aan te bied, en die meeste universiteite sal waarskynlik nie meer as hierdie minimum vereis nie. Wat Grieks betref, vereis die Afrikaanse Gereformeerde kerke nog steeds van teologiese studente 'n tweejarige kursus in Grieks, maar van tyd tot tyd word vir 'n vermindering van hierdie vereiste geagiteer. Die betrokke fakulteite streef tans daarna om ook vir ander denominasies meer toeganklik te wees. Aangesien laasgenoemde meestal nie soveel Grieks verlang nie, is daar 'n wesenlike gevaar dat die vereistes vir alle studente verminder sal word.

Met die oog op hierdie omstandighede is dit noodsaaklik om weer te kyk na kursusse in Klassieke Kultuur of "Classical Civilization" of hoe hulle ook al genoem word, dit wil sê kursusse waarin aspekte van die Klassieke behandel word met studente wat nie noodwendig Latyn of Grieks ken nie. Klassici was in die verlede geneig om op sulke kursusse neer te sien. 'n Bietjie meer as 20 jaar gelede is hierdie saak op 'n konferensie bespreek, en die algemene gevoel was dat Klassieke Kultuur slegs op eerstejaarsvlak aangebied behoort te word. Intussen het opvattings egter verander en baie meer universiteite bied sulke kursusse aan, selfs op gevorderde vlak. Klassici word eenvoudig gedwing om realisties te wees. Daar is al hoe minder mense wat 'n goeie kennis van Latyn en Grieks het, en dit is 'n feit waarmee rekening gehou moet word, hoe jammer dit ook al is. As ons werklik oortuig is van die waardevolle bydrae wat die Grieke en Romeine tot ons beskawing gemaak het, moet ons dit op ander maniere onder die aandag van 'n breër publiek bring, en kursusse in Klassieke Kultuur is een van die aangewese metodes.

Die inrigting van so 'n kursus lewer nogal probleme op, want daar is 'n groot rykdom van aspekte wat behandel kan word, soos antieke geskiedenis, argeologie, letterkunde, filosofie, kuns, sosiale omstandighede en politieke instellings. Sekere temas is vandag baie aktueel, byvoorbeeld demokrasie, slawerny en die posisie van die vrou. Die opstellers van die kursus kan maklik beswyk voor die versoeking om 'n omvattende beeld van die antieke beskawing te probeer gee en sodoende die student met 'n magdom van feite oorlaai. Dit is 'n gevaar wat veral in die eerstejaarskursus baie groot is. Dit is beter om eerder op bepaalde aspekte te konsentreer sodat die student op sinvolle wyse met die klassieke beskawing kan kennis maak en later self sy kennis kan verbreed. Die keuse van aspekte sal afhang van die voorkeure van dosente en die departement. Een aspek wat besondere aandag verdien is die invloed van die Klassieke op die moderne denke, letterkunde en kuns. 'n Studie van die *Nachleben* toon juis hoe belangrik 'n kennis van die Klassieke is om ons eie wêreld te verstaan.

Daar is geen twyfel dat daar in breër kringe 'n groot belangstelling in die Klassieke bestaan nie. Hierdie bron moet net ontgin word. Op universiteit moet kursusse in Klassieke Kultuur veral 'n ondersteunende rol ten opsigte van ander dissiplines speel. Studente in tale, filosofie, drama, musiek en beeldende kunste het 'n behoefte aan meer inligting oor bepaalde aspekte van die klassieke beskawing wat vir hul vakgebied belangrik is. 'n Eenvoudige voorbeeld is die groot rol wat die antieke mitologie in die letterkunde en kuns speel. Daar moet spesiale pogings aangewend word om in hierdie behoeftes te voorsien. Interdissiplinêre samewerking is hier baie belangrik. Dit moet nie alleen op die Westerse kultuur gerig wees nie, maar ook met Oosterse en Afrika-kulture rekening hou. Op hierdie manier kan die relevansie van die Klassieke gedemonstreer word en studente selfs oorgehaal word om Grieks en Latyn aan te leer.

P.J. Conradie



http://akroterion.journals.ac.za/